

29 Mei Johannes 1: 29-34

(Teks: 1: 29 en 32) Die lam en die duif

Johannes het op 'n dag na die doop van Jesus, Jesus weer gesien en twee woorde gebruik om die verlossingswerk van die Here te beskrywe en te bevestig, naamlik *Lam* en *duif*.

Jesus word self aangedui as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die woord Lam herinner aan die paaslam wat voor die uittog geslag is sodat die doodsengel by die huise kon verbygaan waar lamsbloed aan die deurkosyne gesmeer was. Jesus was soos 'n lam wat na die slagplek gelei is (Jes. 53:7). Sy bloed bring versoening vir die sonde van die hele wêreld.

Alleen die Heilige Gees kan 'n mens tot herkenning en tot geloof in Jesus bring. So het Johannes ook vir Jesus herken en was hy verseker dat Jesus die ware Lam van God was. Hy het die Gees ook soos 'n duif gesien. Die Heilige Gees is gees. Die menslike oog kan Hom nie sien nie. Hy kom soos die wind en soms is iets soos tonge van vuur gesien (vergelyk Hand 2:2-3). Johannes het Hom soos 'n duif gesien. 'n Mens dink dadelik aan die rustigheid, die sagmoedigheid en die stille skoonheid van die duif. Die Heilige Gees werk meestal soos 'n duif.

Baie mense wil die uitstorting van die Gees in vuurvlamme en vreemde tale soos in die eerste Pinkster ervaar. Maar soek tog nie na uiterlike tekens nie. Die Gees werk meestal soos die sagte vlug en verskyning van 'n duif. Wie glo, is daartoe oortuig deur die Gees wat in stilte maar met krag in hom gewerk het.

Sing Skrifberyming 27:4

Prof. F.N. Lion-Cachet (Emeritus)